

Elke kind is belangrik

>> Hoekom ons skole sluit

Die appèlhof het die sluiting van 16 Wes-Kaapse skole goedgekeur. Hier is die antwoorde op baie van die vrae wat lede van die publiek vra.

V Hoekom is dit nodig om skole te sluit?

Ons doel is om aan die kinders van hierdie skole beter geleenthede te bied. Ons sal hulle graag by skole wil plaas wat beter toegerus is om onderwys van gehalte te lewer.

V Wat is verkeerd met die skole wat julle beplan om te sluit?

Die omstandighede verskil van skool tot skool.

Die meeste van die skole wat ons graag sou sluit, is baie klein plattelandse skole wat nie oor die nodige bronne beskik om die volle kurrikulum aan te bied nie. Dit beteken nie dat hierdie skole sleg is nie. Dit beteken eenvoudig dat ander, groter skole beter toegerus is om onderwys van gehalte te verskaf.

Ons moet alternatiewe oorweeg, wat die sluiting en amalgamasie van skole insluit, indien leerdergetalle afneem, indien geboue vervalle is en nie aan die Departement behoort nie, en indien leerders 'n beter kans staan om beter te presteer by 'n ander skool. Die Departement sal elke skoolgemeenskap inlig aangaande die spesifieke redes waarom die Departement graag die skool wil sluit.

V Hoekom stel julle nie meer onderwysers aan in die klein landelike skole nie?

Onderwysers word aan skole toegeken op grond van die getal leerders by hierdie skole. Baie van hierdie skole het slegs genoeg leerders vir een of twee klasse. Dit beteken dat kinders in hierdie klasse gewoonlik in meer as een graad is. Ons praat hier van multigraadklasse.

Onderwysers gebruik spesiale tegnieke om multigraadklasse te onderrig, maar kan nie werklik meeding met groter skole wat 'n klas vir elke graad het nie.

Hoekom nie?

'n Onderwyser wat leerders van sewe grade in een klas onderrig, moet byvoorbeeld 50 lesse per dag voorberei en lewer om dieselfde area te dek as groter skole met klasse vir elke graad. Dit is baie moeilik om reg te kry.

V Hoe kan ek op die voorstelle kommentaar lewer?

U kan vertoë rig tydens die openbare deelname proses by die openbare vergadering wat deur die departement gereël is. U kan ook vertoë skriftelik rig aan die direkteur van u onderwysdistrik.

Kontak u skool of u plaaslike onderwysdistrikskantoor vir verdere besonderhede. Vir kontakbesonderhede, besoek die WKOD se webtuiste by wced.school.za

V Hoekom sluit die Departement skole terwyl sommige reeds oorvol is?

Skole is nie altyd daar waar hulle nodig is nie, byvoorbeeld in afgeleë landelike gebiede, of in ouer stedelike gemeenskappe waar daar nie so 'n groot aanvraag vir skole bestaan nie.

Ons sou verkies om leerders in skole van gehalte naby hulle huise te plaas sodat hulle nie lang afstande hoef te reis om by die skool uit te kom nie. Sommige van ons skole is baie vervalle en dit is nie die moeite werd om hulle te onderhou wanneer ons die leerders in beter nabygeleë skole kan akkommodeer nie.

deelnameproses, soos vereis word.

Sy sal 'n finale besluit neem nadat vertoë van alle belanghebbendes oorweeg is.

Sy sal haar besluit neem op grond van wat in die beste belang van die betrokke leerders is.

V Hoe sal my kind voordeel trek uit die sluit van skole?

Ons doelwit is om geleenthede vir u kind te verbeter. Ons sal hulle graag by skole wil plaas wat beter toegerus is om onderwys van gehalte te verskaf. Ons waarborg dat ons u kind in 'n beter, veiliger leeromgewing sal plaas.

V Word daar met die mense wat daardeur geraak word, gepraat?

Ja. Openbare deelname vorm die kern van die hele proses. Ons onderwysdistrikte hersien bronne op 'n voortdurende basis in konsultasie met die betrokke skole.

Die Departement stel sluiting voor aan die Minister van Onderwys indien dit glo dat dit nodig is.

Die Minister neem die voorstelle een vir een in verhoor, in oorleg met die betrokke skoolgemeenskappe.

Die Minister begin deur die skoolbeheerliggaam te raadpleeg, en dan die breër gemeenskap, deur middel van 'n openbare

V Is die Wes-Kaap die enigste provinsie wat skole sluit?

Nee. Provinsiale onderwysdepartemente het, volgens die Departement van Basiese Onderwys, in die periode 2009 tot 2013 byvoorbeeld 1 264 skole oor die land heen gesluit.